**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL SG**
**(Tweede Vraestel: Letterkunde)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord **ENIGE TWEE AFDELINGS.**

AFDELING A
***Kringe in ? Bos* (Dalene Matthee)**


| Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling. | | **Bladsy** |
|---|---|---|
| **Vraag 1** | | **3** |


AFDELING B
**POËSIE**


Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

| | | |
|---|---|---|
| **Vraag 2** | **Melkkantien** | **7** |
| **Vraag 3** | **Algemene vraag** | **8** |
| **Vraag 4** | **Voël** en **eksamen** | **9** |


AFDELING C
***Kinders van die aarde* (Charles Fryer)**


Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 5** | **Die wedloop, Rooikoos Willemse is soek** en **? Man kom tuis** | **12** |
| **VRAAG 6** | **Die ooreenkoms** en **My broer se kraai** | **14** |


AFDELING D
***Gooi hom in die sloot* (Roelf van Rensburg)**


Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

| | |
|---|---|
| **VRAAG 7** | **16** |

AFDELING A

**ROMAN: *Kringe in ? Bos* – Dalene Matthee**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
- Beantwoord ELKE STEL VRAE op ? nuwe bladsy.
- Gee SLEGS die antwoord.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

**VRAAG 1**

**Saul en Arend Botha**

> "Ek is jammer, oom. Arend was ? goeie mens."
>
> "Waarheen is jy op pad Saul?" Dis soos ? besorgde vader sou vra.

**VRAE:**

1.1 "Ek is jammer, oom."
Waarom het oom Martiens nie vir Saul blameer vir Arend se dood nie? (2)

> "Ons het lank gesels daardie nag.'

1.2 Na watter nag verwys Saul hier? (1)

1.3 Wat het met Arend gebeur toe hy vir Saul gehelp het? (1)

1.4 Wie het vir Arend ? pleister die volgende oggend gestuur? Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die toepaslike LETTER neer.

A. Tanda, die huisslaaf
B. Emma, die MacDonalds se kookvrou (1)

1.5 Waarom was MacDonald woedend vir Saul? (1)

1.6 Waarom het Arend saam met Saul dorp toe gegaan? (1)

1.7 Wat het amper vir Patterson mal gemaak in die Bos? (1)

1.8 Waarvan beskuldig Patterson uiteindelik vir Saul? (2)

1.9 Wat het Saul gedoen toe hy gehoor het van Arend se dood? Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die toepaslike LETTER neer.

A Hy het MacDonald se diens verlaat.
B. Hy is Bos toe om die begrafnis by te woon. (1)

1.10 Hoe voel Saul se mense teenoor hom na Arend se dood? (1)

1.11 Waarvan het die Bothas hom tydens sy eerste besoek (saam met Patterson) in die Bos beskuldig? (1)

1.12 Waarom besoek Saul nou op 29 jaar weer die Bothas? Gee TWEE feite. (2)

1.13 Oom Martiens het Saul nooit vir Arend se dood verantwoordelik gehou nie. Hoe wys hy vir Saul dat hy hom vertrou? (1)

1.14 Waarteen waarsku hy vir Saul net voor hy loop? (1)

1.15 Saul kom in Knysna aan na sy besoek aan oom Martiens. Waarheen is hy op pad en hoe gaan hy daar kom? (2)

**[19]**

**EN**

1.16 Vul die ontbrekende woorde in. Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die toepaslike ANTWOORD neer. Kies jou antwoorde uit die volgende woorde.

| Goud, pa-hulle, Arend se dood, dood te vee, terug te neem in sy span, skerm toe, weg te jaag |
|---|

Nadat Saul MacDonald se diens verlaat het, gaan hy na sy 1.16.1 ________ toe om hulle van die 1.16.2 ________ te vertel. Joram hou Saul egter verantwoordelik vir 1.16.3 ________ en Saul dink dis baie onregverdig. Joram sê egter hy is bereid om Saul 1.16.4 ________ en om alles 1.16.5 ________ wat agter lê, maar dis nie waarvoor Saul gekom het nie. **[5]**

**EN**

1.17 Met watter karakters in die boek assosieer jy die volgende? Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die toepaslike LETTER neer.

1.17.1 Frankryk

A. Harison
B. De Regné
C. Crompton
D. Jones (1)

1.17.2 MONDFLUITJIE

A. Arend Botha
B. Freek Terblans
C. Oom Martiens Botha
D. Jozef Barnard (1)

1.17.3 BRANDEWYN

A. Ou Anneries van Huysteen
B. Joram Barnard
C. Oom Gert-Oog
D. Oupa Steyn (1)

1.17.4 JONES ________.

A. werk op die Hoogland
B. was blykbaar die verraaier
C. was vroeër ? houtkapper
D. is lief vir Kate (1)

1.17.5 OUPOOT ________.

A. is Maska se dier-broer
B. word uiteindelik deur Josef geskiet
C. het Saul gestorm
D. leer ? jong bul om eendag oor te neem (1)

1.17.6 OSBORNE ________.

A. was ? padkontrakteur van die regering
B. keer nie weer terug Knysna toe nie
C. kom van Kaapstad
D. weet niks van goud af nie (1)

1.17.7 SARA BARNARD ________.

A. woon op die dorp
B. het al die Bybelname geken
C. was Saul se ouma
D. het nog nooit die Bos gesien nie (1)

1.17.8 SANNA ________.

A. het ? groot gesin gehad
B. was Saul Barnard se tante
C. het altyd gehelp waar dit nodig was
D. kom van Katara af (1)

1.17.9 PRINS ALFRED ________.

A. kom van Rusland af
B. het sy eerste olifant op Knysna kom skiet
C. was die tweede seun van koning Eduard
D. werk op skepe (1)

1.17.10 CHARLES DICKENS ________.

A. kom vanaf die Noorde
B. moes werk om sy pa se skuld af te betaal
C. was ? houtkoper
D. het houtkappers verkul (1)
**[10]**

1.18 Deur wie is die volgende bekende woorde in ***Kringe in ? bos*** gebruik? Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die toepaslike ANTWOORD neer.

1.18.1 "Jy was van altyd af eiewys en annerster." (1)

1.18.2 "Ons belang aan onsselwers en ons werk vir onsselwers." (1)

1.18.3 "Ons is ? spul wurms wat die appel van binne af vrot vreet." (1)

1.18.4 "Ons is houtkappers. Nie goudgrawers nie!" (1)

1.18.5 "As dit hout is wat jy wil hê, kan jy dit by my koop ..." (1)

1.18.6 "As jy weggaan, staan alles sonder genade. Ek ook." (1)
**[6]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

**EN / OF**

AFDELING B
**POËSIE**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
- Beantwoord elke vraag op ? NUWE bladsy.

**VRAAG 2**
***Melkkantien* – E. Eybers**

**Melkkantien**

Wat soek sy hierwaar alles glim, die vrou,
verweer en afgewater, kneukels rooi
soos die tamatiesap waarom hul klou?
Tussen die kelnerinne, opgetooi,
met jong gesigte, almal leeg en hard,
wat soek sy hier, so afgesloof en stroef,
in haar verrimpelde gelaat die smart
van anders en alleen wees saamgeskroef?

Vir sóveel powerheid is daar geen troos:
ek vat die vol glas lomp en sê, ek soek
na ? apteker, dalk kan sy my help?
Sy stoot die vaal haartoutjies terug, oorstelp
van vriendelikheid, beduie tandeloos:
Jy meen ? kemmis? Ja, net om die hoek.

**deur Elisabeth Eybers**

**VRAE:**

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD neer.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

2.1 Wat word bedoel met die woord “hier”?

A. Hier waar die jong kelnerinne niks doen nie
B. Hier waar die ouer kelnerin bly
C. Hier waar die apteker is
D. Hier in die melkkantien (1)

2.2 Die klant bestel ________ om te drink by die ouer kelnerin. (1)

2.3 Hoe lyk die jong kelnerinne se gesigte? Haal TWEE APARTE WOORDE aan om jou antwoord te bewys. (2)

2.4 Haal ? GEDEELTE VAN ? SIN aan wat sê dat die ouer kelnerin moeg gewerk en onvriendelik is. (1)

2.5 Drie van die antwoorde is KORREK. Watter antwoord is NIE KORREK NIE? Verrimpelde gelaat beteken ? ________.

A. ou gesig
B. onversorgde gesig
C. gesig vol plooie
D. gelukkige gesig met lagplooitjies (1)

2.6 Watter EEN WOORD sê dat die klant ongemaklik voel? (1)

2.7 Kon die klant die kelnerin troos? Haal ? VERSREËL aan om jou antwoord te bewys. (2)

2.8 Watter inligting wil die klant graag by die ou kelnerin kry? Haal ? GEDEELTE VAN ? SIN aan as bewys vir jou antwoord. (1)

**[10]**

## VRAAG 3
## ALGEMENE VRAAG

Gebruik AL die gedigte in die vraestel om hierdie vraag te beantwoord. Pas die beskrywing in **Kolom A** by die woord(e) in **Kolom B**. Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.1 Die spreker moet iets nuuts uit die dooie voël maak. | A. Aardrykskunde |
| 3.2 Die student leer van die lêboor van die wyfiesprinkaan. | B. Vaal haartoutjies |
| 3.3 Die vrou kyk nie na haarself nie. | C. Sakmes |
| 3.4 Die student leer van Klimatologie. | D. Deur die nag |
| 3.5 Die persoon moet hierdie instrument gebruik om ? beentjie uit die dooie voël te sny. | E. Opgetooi |
| 3.6 Die jong kelnerinne lyk goed versorg. | F. Biologie |
| 3.7 Die enigste beloning vir die student na ure se studie. | G. Saamgeskroef |
| 3.8 Die ou kelnerin se swaarkry word gelees in een woord. | H. Fluit |
| 3.9 Die voël se vlerke het baie geblink op ? sekere tyd van die dag. | I. Môre |
| 3.10 Die student se lang studie-ure. | J. Slaap |

**[10]**

**VRAAG 4**
***VOËL* – R.K. Belcher**

**Voël**

Met gras en waaisand half bedek
lê muf en benerig ? voël
met stywe bene en wydoop bek.

Die vlerke wat eers hoog en blink
gestyg het in die môreson
lê sonder vere en effens stink

en waar ? vloed van sange was
is alles stil, is alles dood
onder die waaisand en die gras.

O moenie dat jou hande beef
want alles wat die dood afsny
moet jy laat leef.

Haal dan jou sakmes uit
en sny ? hol, wit beentjie uit sy bors
en maak daarmee ? fluit.

**Uit: *Ver Land***

**VRAE:**

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD neer.
- Nommer in die MIDDEL van die BLADSY.

4.1 Waardeur word die dooie voël feitlik onsigbaar gemaak?
Gee TWEE APARTE WOORDE as antwoord. (2)

4.2 Gee TWEE bewyse dat die voël nie meer lewe nie. (Strofe een) (2)

4.3 Wat laat die voël se vlerke blink? Haal EEN WOORD aan as antwoord. (1)

4.4 Watter funksie het die voël se vlerke vervul toe hy nog lewend was? (1)

4.5 Voltooi: Die voël kon altyd baie mooi sing, maar nou is alles _______. (1)

4.6 Met wie praat die spreker in strofe 4? (1)

4.7 Wat moet gebruik word om die beentjie uit die bors te sny? (1)

4.8 Wat moet met die hol, wit beentjie gedoen word? (1)
**[10]**

**EN**

## *EKSAMEN* – Annesu de Vos

**eksamen – ANNESU DE VOS**

dit is kakofonie
wanneer jy bang verwilderd
kantel
deur die nag
tussen die bladsye
van hoofstuk vyf
se Klimatologie;
die lêboor van die wyfiesprinkaan
klop
haar eiers stelselmatig stoot
tot in die veilige vesting
van jou dop –
jy sien die dood
as Franse Revolusies bloedloos stol
sodat die lewensiklus
van die mielieboorwurm
in die hamerslae van jou kop
voltooiing vind

tot jy verkorrel
in die suiker van soet slaap

**Uit: *Gebed van ? groen perske en ander verse***

**VRAE:**

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

4.9 Pas die beskrywings in **Kolom B** by die woorde in **Kolom A**. Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die korrekte LETTER neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.9.1 kakofonie | A. kop |
| 4.9.2 nag | B. studeer nog hierdie tyd |
| 4.9.3 dop | C. hamerslae |
| 4.9.4 Franse Revolusies | D. Aardrykskunde |
| 4.9.5 kopseer | E. deurmekaar |
| | F. Geskiedenis |
| | G. lêboor |

(5)

4.10 Watter WOORD sê dat die eiers sistematies uitgestoot word deur die wyfiesprinkaan? (1)

4.11 Watter vak sal oor die mielieboorwurm handel? Kies die KORREKTE antwoord. Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die korrekte LETTER neer.

A. Klimatologie
B. Biologie
C. Aardrykskunde
D. Geskiedenis (1)

4.12 Is die volgende stelling WAAR/ONWAAR? Sê hoekom jy so sê deur die antwoord uit die gedig aan te haal.

Die leerder voel of sy haar balans verloor van al die leerdery. (2)

4.13 Wat is soos soet suiker vir die leerder? (1)
**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [40]**

**EN / OF**

AFDELING C

**KORTVERHALE: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

- Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
- Beantwoord ELKE STEL VRAE op 'n NUWE bladsy.

**VRAAG 5**

**DIE WEDLOOP (Pirow Bekker),**
**ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK (Abraham H. de Vries)**
en **'N MAN KOM TUIS (Chris Barnard)**


**VRAE:**

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die toepaslike ANTWOORD neer.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

5.1 Kyk na die onderstaande prentjies en beantwoord die vrae oor **ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK** en **DIE WEDLOOP**.

**ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK**



**DIE WEDLOOP**



5.1.1 Watter sportsoort word in **ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK** beoefen? (1)

5.1.2 Watter sportsoort word in **DIE WEDLOOP** beoefen? (1)

5.1.3 Watter twee dorpe het teen mekaar in **ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK** gespeel? (2)

**b.o.**

5.1.4 Watter TWEE dorpskole het teen mekaar in **DIE WEDLOOP** deelgeneem? (2)

5.1.5 Noem die name van die twee seuns in **DIE WEDLOOP** wat elke jaar teen mekaar kompeteer. (2)

5.1.6 Hoekom, dink jy, noem die mense nou vir Koos eintlik **ROOI**koos? (1)

5.1.7 Wat was Rooikoos se groot probleem of swak puntjie? (1)

5.1.8 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die korrekte ANTWOORD neer.

A. (Vis / Salmon) het verlede jaar die hoogspring gewen. (1)
B. (Vis / Salmon) het verlede jaar die naellope gewen. (1)

5.1.9 Wat het die besoekers met Rooikoos se hare na die wedstryd gedoen? (1)

5.1.10 Wat het die besoekers met sy baard na die wedstryd gedoen? (1)
**[14]**

5.2 Kyk na die onderstaande prentjie en beantwoord die vrae oor **'N MAN KOM TUIS**.



5.2.1 Wat is die man se van wat ? saamrygeleentheid gekry het? (1)

5.2.2 Waarheen neem die motoris die man? (1)

5.2.3 Wat se tipe werk doen die hoofkarakter? (1)

5.2.4 Hoeveel kinders het die man by sy tweede vrou? (1)

5.2.5 Wat het met sy eerste vrou gebeur? (1)

5.2.6 Voltooi: Die man vra vir die motoris om hom ? paar blokke van sy huis af te laai. Hy sal verder stap na sy huis toe. Hy vertel verder dat sy A _________ hom eerste sal sien en dan sal blaf. Die B ___________ sal dit hoor en eerste uithardloop. Sy C _________ sal op die stoep sit. Almal sal uiteindelik na hom toe hardloop. (3)

**[8]**

**EN**

**VRAAG 6**
**DIE OOREENKOMS (Dalene Matthee)** en
**MY BROER SE KRAAI (Chris Barnard)**

**VRAE:**

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die korrekte ANTWOORD neer.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

6.1

> **DIE OOREENKOMS**
>
> Hulle was soos twee broers wat mekaar eers teen die aand se kant leer ken het: Jakob en Willem

6.1.1 Voltooi die paragraaf deur net die KORREKTE antwoorde neer te skryf. Gebruik die woorde wat in die blokkie verskaf is. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die korrekte ANTWOORD neer.

> Noupoort, sewentig, brandewyn, Rusoord, negentig, huis, whisky, vyfuur, halfses, kamer

Hulle was van die eerste intrekkers by die nuwe A ___________; albei vlak in die B __________ , gesond van liggaam en verstand. Hulle het ? C _________ gedeel en hulle het gou geleer om die reëls van die Bestuur ? bietjie te buig. Hulle het elke aand om D __________ ? bietjie E ___________ gedrink. (5)

6.1.2 Jakob en Willem het ? ooreenkoms met mekaar aangegaan. Wat was die ooreenkoms tussen hulle? (1)

6.1.3 Watter een van die twee “broers” is eerste oorlede? (1)

6.1.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die VRAAGNOMMER en die korrekte LETTER neer.

Wat het die een wat agtergebly het, gedoen om die "spoke" weg te hou?
Hy het ________.

A. na ? ander kamer getrek
B. die lig die hele nag laat brand
C. ? alkoholis geword
D. uit die ouetehuis getrek (1)

6.1.5 Is die volgende stelling WAAR/ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Die les wat ons uit hierdie verhaal leer, is dat daar nie lewe na die dood is nie. (2)

6.2 Pas die sinsdele in **Kolom B** by die woorde in **Kolom A**. Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die korrekte LETTER neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.2.1 In die veld | A. Die kraai het vir altyd teruggekom. |
| 6.2.2 Sondag | B. Oorskiethout en stukkies draad |
| 6.2.3 Die kraai se hok | C. ? Mens kan nie iemand dwing om jou lief te hê nie. |
| 6.2.4 Die les wat ons leer | D. Hier het die broer sy kraai opgetel. |
| 6.2.5 Woensdag | E. Die kraai is hierdie dag vrygelaat. |

(5)

6.3

| Die kraai het nie weer weggegaan nie. |
|---|

6.3.1 Wat het die kraai deur die dag gedoen? (1)
6.3.2 Wat het die kraai in die aand gedoen? (1)

6.4 Lees die sin deur en gee die KORREKTE antwoord vir die onderstreepte woord.
Van daardie <u>Donderdag</u> af was die kraai my broer s?. (1)
**[18]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [40]**

**EN / OF**

AFDELING D

**NOVELLE: *Gooi hom in die sloot* – Roelf van Rensburg**

**VRAAG 7**

- Beantwoord AL die vrae in die afdeling.
- Skryf SLEGS die ANTWOORD teenoor die VRAAGNOMMER neer.
- Beantwoord ELKE STEL VRAE op 'n NUWE bladsy.

**Wessel en Philip se telefoongesprek**

> "Ja, oom Philip?" vra hy met die gehoorstuk teen sy oor. "Hallo, Wessel." Philip se stem klink verleë. "Jammer om jou nou te pla, maar ek doen dit liewers te vroeg as te laat. Ek is in die knyp, jong. Ek wonder of jy ons vanaand kan help?"

**VRAE:**

**INSTRUKSIES:**

- Skryf SLEGS die korrekte ANTWOORD teenoor die VRAAGNOMMER neer.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

7.1 Lees die bostaande aanhaling en beantwoord die vrae.

7.1.1 Waarheen moet Wessel daardie aand gaan? (1)

7.1.2 Hoekom vra oom Philip vir Wessel om te gaan? (1)

7.1.3 Hoe laat begin die funksie? (1)

7.1.4 Waarom is Monica so kwaad vir Wessel omdat hy ingestem het om spesifiek daardie aand te gaan? (1)

**[4]**

**DIE PARTYTJIE**

> "Wees vanaand my gas, dan sien jy. Die klub vergader vanaand." "Ek weet nie," huiwer Casper. "Ek weet nie of ek klere het om aan te trek –"

7.2 Lees die bostaande aanhaling en beantwoord die vrae.

7.2.1 Hoe laat gaan haal Braam vir Casper by sy huis? (1)

7.2.2 Wat doen die jongmense by die partytjie? (1)

7.2.3 Waar het hulle hierdie partytjie gehou? Hoekom juis daar? (2)

7.2.4 Madeline dink dat Casper 'n ________ is, wat haar ma gestuur het om hulle dop te hou. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die korrekte ANTWOORD neer.

A. ondersteuner
B. spioen
C. vriend
D. dwelmverslaafde (1)

7.2.5 Wat besluit Casper om te doen toe Braam gaan dans het? Hoe gaan hy dit doen? (2)

7.2.6 "Julle is kop in een mus. Jy't my eers geleer om die goed te rook en nou skop jy my uit."

(a) Wie skree hierdie woorde? (1)
(b) Wie het hierdie persoon geleer om saam te rook? (1)
(c) Wat rook hulle? (1)
(d) Wat gaan hierdie persoon doen om hulle voor te spring? (1)

7.2.7 Wat gebeur met Braam toe hy agter Madeline aanhardloop? (2)

7.2.8 Waar vind dit plaas? (1)

7.2.9 Wat doen Casper met die pakkie sigarette wat uit Braam se sak geval het? Hoekom doen Casper dit? (3)

7.2.10 Hoe lyk die pakkie wat uit Braam se sak geval het? (1)

7.2.11 Na watter hoërskool toe gaan die kinders in ***Gooi hom in die sloot*?** (1)

7.2.12 Watter TWEE leerlinge word eerste uitgewys as lede van die klub? (2)
**[21]**

7.3 Pas die name in **Kolom A** by die beskrywing van die karakter in **Kolom B**.
Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die korrekte LETTER neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.3.1 | Melt | A. | Kroondal se skoolhoof |
| 7.3.2 | Monica | B. | Die skoolhoof se dogter |
| 7.3.3 | Joggie | C. | Het grootgeword op Doringspruit |
| 7.3.4 | Linda Swanepoel | D. | Casper se pa se vriendin |
| 7.3.5 | Bertrand | E. | Engelse onderwyseres |
| 7.3.6 | Madeline | F. | Winkeleienaar |
| 7.3.7 | Tom | G. | Mediese dokter |
| 7.3.8 | Paul | H. | Dagga gerook in oom Sampie se kamertjie |
| 7.3.9 | Selma | I. | Masjinis |
| 7.3.10 | Flori | J. | Wessel se vrou |
| 7.3.11 | Philip Uys | K. | Ou vriend van Philip Uys |
| 7.3.12 | Heila | L. | Sy en haar ma Nora bly in ? woonstel |
| 7.3.13 | Christa | M. | Sproetgesigprefek |
| 7.3.14 | Daan | N. | Vriende van die Lategans |
| 7.3.15 | Sannie | O. | Casper se vriendin |

**[15]**

**TOTAAL VIR AFDELING D: [40]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**